

DIE UITDAGING VAN DIE JARE TAGTIG

Ons staan op die voorraand van 'n nuwe dekade. Uit die aard van die saak weet ons nie wat die jare tagtig vir ons inhou nie. Vir Suid-Afrika is die toekoms waarskynlik meer onseker as gewoonlik. Ons bevind ons aan die suidpunt van 'n kontinent waarin die onstabilitet van die post-koloniale tydperk nog steeds besig is om op te laai. Suid-Afrika self word deur ons vernaamste kritici as 'n soort anachronisme beskou wat nie in sy huidige vorm kan bly voortbestaan nie. In 'n wêreld wat "uit lid is" word daar maarstiglik na sondebokke gesoek waarop die aandag gevvestig kan word om dit weg te trek van die eie probleme waarmee baie lande worstel.

Maar ons moet ons nie probeer wysmaak dat Suid-Afrika nie baie ernstige probleme het nie. Ons moet besef dat ons inderdaad in 'n oorgangstydperk van ons geskiedenis verkeer. Die groot uitdaging waarvoor ons te staan gekom het, is om te verzeker dat hierdie oorgang op 'n vredesame en nie op 'n gewelddadige wyse sal plaasvind nie.

Alles dui daarop dat die jare tagtig 'n sleutelrol gaan speel in hierdie oorgangsfase in ons geskiedenis. Dit is daarom belangrik dat ons hier op die voorraand van die jare tagtig baie ernstig sal besin oor die uitdagings wat hierdie dekade aan ons gaan stel.

Vir die huidige geslag studente is die jare tagtig in elk geval van besondere belang. Dit is die dekade waarin hulle hul studies sal voltooi en hulle eerste werkkringe sal betree. Dit is ook die dekade waarin die meeste van die huidige geslag studente in die huwelik sal tree, 'n woonplek sal moet bekomen en die volle verantwoordelikheid van die volwasse lewe sal moet aanvaar. Vir die huidige geslag studente val die jare tagtig saam met hulle jare twintig. En vra maar vir almal wat al 'n bietjie ouer en veral heelwat ouer is. Almal van hulle is dit eens dat die twintiger jare in 'n mens se lewensloop die maak-of-breek jare van 'n mens se lewe is. Die jare tagtig gaan na alle waarskynlikheid die maak-of-breek jare van Suid-Afrika wees en terselfdertyd ook die maak-of-breek jare in die lewe van die huidige geslag studente. Vir alle studentehou die jare tagtig dus 'n dubbele uitdaging in.

As ek die tekens van die tyd reg lees gaan die jare tagtig van een en almal van ons ten minste drie dinge eis.

Vir eerste dat ons ons denkwyse by die veranderende omstandighede sal moet aanpas.

Tweedens dat ons ons werkwyse sal moet aanpas.

Derdens dat ons ons leefwyse ingrypend sal moet aanpas.

Nie een van hierdie drie gaan maklik wees nie. Miskien beskik die studente van vandag oor 'n groter potensiaal om hulle by 'n ander denkwyse aan te pas as die ouer geslagte. Maar ironies genoeg sal die dosente 'n belangrike en verbeeldingryke rol moet speel om studente se denkwyse by die eise van die dag aan te pas. Maar studente kan in hulle onderlinge gesprakke ook 'n belangrike rol speel om mekaar se gedagte vir 'n nuwe denkwyse te slyp. Almal van ons het in 'n atmosfeer groot geword waarin ons gewoond geraak het aan steeds hoër lewenstandaarde en steeds groter prestasies. Ons hele lewenshouding is ingestel op persoonlike, individuele prestasie en sukses. In ons denkwyse sal ons ons daarmee moet vereenselwig dat die voorspoedjare vir eers verby is. Hiermee wil ek nie studente se entoesiasme en motivering demp nie. Inteendeel al wat ek wil sê is dat die materialistiese motiveringe van die verlede nie meer so 'n belangrike rol kan speel nie. Ons kan ons nie meer soseer motiveer deur die vooruitsig van persoonlike sukses en rykdom nie. Ons sal ons al hoe meer moet laat motiveer deur die eise wat ons land in 'n bedreigde posisie in 'n oorgangsdekade aan ons gaan stel. Dit gaan 'n meer ingrypende denkaanpassing verg as wat enigeen van ons miskien op hierdie stadium besef.

Tweedens gaan dit ook 'n aanpassing in ons werkwyse verg. Ons sal eenvoudig harder moet werk - nie net ter wille van onself nie, maar veral ter wille van die eise wat die land aan ons gaan stel. Ek weet daar is mense wat hierdie soort oproep tot harder werk as te sentimenteel en te patrioties afskryf en sê dat die dae vir sulke oproepe verby is. Mense wat so praat lees nie die tekens van die tyd reg nie. Al sou wie ook sê dit is te sentimenteel en te patrioties kan daar weinig twyfel wees dat ons kans op oorlewing op 'n beslissende wyse afhang van sowel die hoeveelheid as die kreatiewe gehalte van ons arbeid.

Dit is belangrik om te besef dat die rykdom van 'n land nie soseer gesetel is in sy natuurlike hulpbronne nie, maar wel in die kwaliteit van sy mense en veral in die gehalte van hulle arbeidsprestasies. Dit word vandag aller-wei erken dat belegging in menslike kapitaalvorming oor die langtermyn baie hoër dividende oplewer as belegging in geboue en masjinerie. Dit is om hierdie rede dat skole en universiteite so 'n belangrike "industrie" is ter wille van die langtermyn produktiwiteit van 'n land se ekonomie. Gesien uit

die oogpunt van elke individuele student, word sy produktiewe waarde in die veertig of meer jare wat hy eg. in die "praktyk" gaan staan, op 'n beslisende wyse beïnvloed deur hoe intensief hy die geleentheid op universiteit benut. Kortom, hoe harder studente in hulle studentejare werk, hoe groter gaan hulle produktiwiteit vir hulleself én vir die land wees. Dit kom dus daarop neer dat die eise van die jare tagtig vereis dat elke individuele student veel harder behoort te werk as wat studente in die verlede gewerk het.

Maar derdens vereis die uitdagings van die jare tagtig dat ons almal ons leefwyse sal moet aanpas. Niemand kan ontken dat die blankes hulle in Suid-Afrika 'n lewenstandaard veroorloof wat teen die agtergrond van ons totale situasie veels ~~te~~hoog is nie. Een of ander tyd sal ons ons rieme na ons vel moet sny. Hoe gauer ons dit doen, hoe beter vir ons almal.

Om ons lewenswyse aan te pas in 'n aftwaartse rigting is natuurlik nie 'n maklike ding nie. Dit is missien een van die moeilikste aanpassings waar aan 'n mens onderwerp kan word. Kortom, ons het verwan geraak aan te hê lewenstandarde en ons sal ons "verwenning" moet oorkom.

Ek is egter nie pessimisties nie. Ek grond my optimisme in my geloof in die jeug. Ek glo in hulle vermoë om hulle aan te pas by 'n ander denkwyse, 'n ander werkswyse en 'n ander lewenawyse. In die oorgangsdekade van Suid-Afrika se geskiedenis sal die jeug 'n belangrike rol moet speel. Ek het die geloof dat hulle hierdie rol kan speel.

~~Soepel, houde af tot gaan~~
~~in uitvoerende diens.~~ 1980
PERSPEKTIEF OP 1980

S. J. Terreblanche

Die jaar 1980 was 'n baie gebeurtenisvolle jaar. Hoe betekenisvol dit was, sal slegs die tyd kan leer.

Enige poging tot 'n evaluasie van ~~veral~~ die politieke en politiek-relevante gebeure ^{in 1980} vereis maatstawwe in terme waarvan dit gemeet kan word. Ek is van mening dat só 'n waardering die beste kan geskied in terme van die doelstellings van regverdigheid en stabiliteit.

Dit is die verklaarde beleid van die owerheid dat die huidige bestel in Suid-Afrika nie gehandhaaf kan word nie, maar dat dit langs evolusionêre weg omvorm moet word tot 'n regverdiger en stabiel bestel. Die kernvraag is dus of daar in 1980 vordering in die rigting van 'n sodanige bestel was al dan nie.

Ek ~~is van mening~~ ^{wil} dat albei ~~hierdie~~ doelstellings in politieke én ⁱⁿ ekonomiese terme ~~gedefinieer moet word~~. In 'n proses van evolusionêre verandering ~~is~~ ^{daar} die politieke en ekonomiese terreine ^{ten nouste met} mekaar vervleg en 'n onvermoë om groter regverdigheid en stabiliteit op ekonomiese gebied te bewerkstellig, sal pogings om dit op politieke gebied te bewerkstellig verydel en andersom.

Die behoefte van 'n meer regverdige bestel spruit eerstens voort uit die bestaan van vermybare vorme van verontregting, armoede en die afwesigheid van sekere basiese burgerregte en vryhede in sekere gemeenskappe en onverdedigbare vorme van mag en bevoorregting in ander gemeenskappe. Tweedens spruit dit voort uit die feit dat die huidige konstitusionele bestel aan sommige gemeenskappe nie voldoende geleentheid tot inspraak en tot gesamentlike besluitneming bied oor ^{a - bedwinging} veral hulle ^{oor} besondere belang nie.

Die behoefte aan groter stabiliteit spruit o.m. voort, uit die volgende: eerstens om effektiewe weerstand te kan bied teen binne en buitelandse groepe wat hulle ten doel stel om die Suid-Afrikaanse bestel op 'n geweldadige manier omver te werp; en tweedens om die spiraal van stygende verwagtings in veral Swart geledere in toom te hou (deur bv. aan ~~hulle~~ billike eise te voldoen, maar deur diegene wat groter voorregte kry, terselfdertyd te oortuig dat sodanige voorregte die teenprestasie van groter verantwoordelikheid verg); en derdens om die gevare wat sinksies inhoud te kan afslaan.

Dit is te verwagte dat 'n meer regverdig bestel ook ~~in stabilitet~~
bestel sal wees.

'n meer stabiele

Sekere gebeure in 1980 was ongelukkig nie bevorderlik vir die skepping van 'n regverdigde ~~oplaai van die Swartmag beweging~~ en stabiele bestel nie. Afgesien van die gebeure rondom Suid-Wes Afrika (~~wat so 'n sensitiewe stadium bereik het dat ek dit nie behandel nie~~),

was die drie of vier voorvalle van stedelike terrorisme en die oplaai ~~onder Swart magbetoging~~ ^{van die lewergang} kommerwekkende verskynsels. Die skole-boikot wat baie wyd uitgekring en onvoorsiens lank aangehou het, was 'n vorm van onstabilitet en ondermyning van die goeie orde wat ons nie kan bekostig nie. Tydens die boikot is daar o.a. beweer dat dit toegeskryf moet word aan 'n "kommunikasiegaping" en wel omdat die betrokke volks-groepe die bedoelinge van die owerheid nie reg verstaan nie. Alhoewel hierin 'n element van waarheid skuil, is dit eweseer waar dat die "kommunikasiegaping" ontstaan het omdat die betrokke gemeenskappe nie oor voldoende konstitusionele meganismes beskik deur middel waarvan hul hulle "bedoelinge" en begeertes op 'n ordelike en geartikuleerde wyse aan die owerheid kan oordra nie. Terwyl ~~die~~ mens die boikot optrede ten seerste moet betreur en veroordeel, sal dit onverstandig wees om 'n dowe oor te draai vir die "boodskap" wat die skoolkinders met hulle boikotoptrede probeer oordra het. Die vertroue en geloofwaardigheidsgaping tussen die blankes en die ander bevolkingsgroepe sal blykbaar bly voortbestaan (en selfs groei) tot tyd en wyl ons vir alle groepe voldoende meganismes geskep het vir kommunikasie van bona-ondē en van onder-na-bo.

'n Gebeurtenis wat moontlik ook bygedra het tot die "kommunikasiegaping" was die afskaffing van die Verteenwoordigende Kleurlingraad op 31 Maart. Dit is jammer dat 'n liggaam wat met al sy gebreke tog 'n verteenwoordigende spreekbuis van die Kleurlinge was, afgeskaf is, voordat alternatiewe vorme van politieke verteenwoordiging vir die Kleurlinge geskep is. ^{na die afskaffing van die VKR.} Die politieke vakuum waarin die Kleurlinggemeenskap hulle nou bevind maak dit dringend noodsaaklik dat die Presidentsraad reeds vóór die einde van 1981 met voorstelle vir alternatiewe vorme van Kleurlingverteenwoordiging na vore sal kom.

Die Maart-begroting en die hoë groeikoers het albei sowel positiewe as negatiewe invloede op die reverdigheid en stabiliteitsdoelstellings gehad. Die begroting van Maart 1980 was as geheel nie 'n gelukkige een nie. Die Minister het 'n redelike bonanza tot sy beskikking gehad maar dit op so 'n wyse toegedeel dat die begroting met reg as 'n rykmansbegroting bestempel is. Met die uitsondering van Swartonderwys, het die besteding op alle ander sosiaal-sensitiewe departemente met minder as die inflasiekoers gestyg. Met só 'n begroting maak ons nie vordering na 'n regverdiger en stabiel bestel in Suid-Afrika nie.

De nadelle van 'n
hoë groeikoers

De hoë groeikoers
het nadelig gevolg
gehou in soosneur dat
skeure wanbelange in
die ekonomiese versprek
het. Dit het die

ongelukkige neiging van ons ekonomie om steeds meer kapitaalintensief te word (eerder as om 'n relatief groter gebruik van ons ooraanbod van arbeid te maak) verder verskerp.

Hierdie

neiging is aan die langtermyn
me bevorderlik vir die
stepping. De groot staantlike
aantal werkgeleenthede
en vers die bevordering van arbeid stabilitet

Tweedens het die hoë groeikoers wel ~~meer~~ ^{het} groter materiële welvaart geskep, maar hierdie welvaart is waarskynlik vandag ongelyker verdeel as sê 3 jaar gelede. Die grootste deel van die blankes en 'n deel van die Swartbevolking is daardeur bevoordeel, maar die armste 30 of 40% van die bevolking het weinig (indien enige) voordeel daaruit gehaan. Die voordele van 'n hoë groeikoers word nie spontaan deur die werking van die markmekanisme na alle lae van die bevolking versprei nie. Doelbewuste staatsoptrede is gevoldiglik nodig om hierdie opvallende "mislukking" ^{van die} markmekanisme te kompenseer.

Die hoë groeikoers hou natuurlik baie voordele in. Die vernaamste is die styging in die gemiddelde per capita inkome, die skepping van addisionele werkgeleenthede, en addisionele belastingkapasiteit en die verhoging van ons vermoë om die nadelige effek van sanksies te weerstaan.

Dit is belangrik dat die voordele (of geleenthede) wat 'n hoë groeikoers bied, inderdaad gebruik sal word om die oorgang na 'n nuwe bedeling te vergemaklik. Tot op hede het dit nog nie in 'n voldoende mate gebeur nie. 'n Mens kan maar net hoop dat die geleentheid (of ~~die~~ tweede bonanza) wat die hoë groeikoers aan die owerheid bied, in die 1981-begroting gebruik sal word om besteding op die onderwys, behuising en welsynsdienste van die Swart bevolkingsgroepe met sê 10 persent in reële terme te laat styg. Om teen die gewenste tempo na 'n enigsins regverdiger en stabieler bestel in S.A. te beweeg, sal owerheidsbesteding ter wille van die opheffing en ontwikkeling van die Swartbevolkingsgroepe jaarliks met minstens 5 tot 10 persent in reële terme moet styg - ongeag die groeikoers van die ekonomiese. Dit ~~sai beteken dat die~~ ^{kan sê grootskak} blankes daarmee genooi sal moet neem dat hulle reële lewenstandaarde na laer en meer realistiese peile afgeskaal word. ~~Det soe~~

~~vers moontlike groot werkstand van sekere blanke presone groepe uitlok. Quwel plek is dit nooit soortlik dat die blankes voeregaan en volledig ~~uitsonder~~ ~~treent in geluk~~ sal word dat sodanige aanpassings nie belang is~~

van groter stabilitet en regverdigheid
oor die langtermyn sal wees.

In 1980

Verskeie gebeure het 'n positiewe effek op die beweging na 'n regverdiger en stabiele bestel gehad. 'n Aantal Ministers het beleidsinisiatiwe geneem om van verouderde en skewe wette en instellings ontslae te raak. Die belangrikste hiervan is die verdere implementering van die aanbevelings van die Riekert en Wiegahn-verslae, die rasionalisering van wetgewing en organisasies rondom die Swartmense wat deur Min. Koornhof aangekondig is en die verdere rasionalisering van die owerheidsektor. Die manier waarop Mn. Louis Rive die Soweto-probleme hanteer, verdien spesiale vermelding.

Dit is belangrik om te besef dat die evolusionêre oorgang van een bestel na 'n ander vereis dat baie van die ou dinge gesloop moet word om ruimte te skep vir 'n nuwe bestel. In die meeste Westerse lande vind die sloping van dit wat oud en uitgedien is gewoonlik plaas ná 'n regeringsverandering. Op die oomblik het die Botha-regering die besonder moeilike taak om dinge waarmee in die Verwoerd- en Vorster-eras begin is en nou blyk uitgedien en onvanpas te wees, te sloop.

Een van die

~~drie~~

verblywendste politieke aspekte van 1980 was dan ook die duidelik waarnemende stygende lyn in die Eerste Minister se toesprake waaruit sy besliste voorneme om ~~vain uitslouing~~

belaag ontslae te maak

en om 'n nuwe bedeling

verbind - Afreha uit

te bou, al hoe


dundeliker gebleyk het

Hierdie stygende lyn het 'n hoogtepunt bereik in die Eerste Minister se aankondiging dat hy 'n referendum sal uitskryf om goedkeuring te verkry vir ingrypende konstitusionele wysigings wat moontlik deur die Presidentsraad voorgestel mag word.

Ten spyte van al die omstredenheid waarmee die stigting van die Presidentsraad gepaard gegaan het, kan hierdie instelling baie funksioneel in die oorgang na 'n nuwe bedeling blyk te wees. So bv. kan ~~veral~~ die Verhoudingskomitee ~~ook~~ 'n ~~uiters~~ belangrike bydrae lewer om onnodige en uitgediende dinge te sloop. Dit word verwag dat hierdie komitee (en moontlik ook van die ander komitees) sensitiewe voelers sal uitstoot en 'n volledige register sal opstel van alle wette en praktyke wat aanstoot gee en Swart bevolkingsgroepe van geleenthede onneem sonder dat die betrokke wette en praktyke nog 'n geoorloofde funksie ten opsigte van die blankes vervul.

Dit is ~~baie~~ insiggewend om te let op die inhoud en betekenis van die regering se verhoudingsbeleid in vier opeenvolgende dekades. Die blote beleid van apartheid van die jare vyftig ~~en~~^{is} in die sestigerjare vervang met dr. Verwoerd se "grund design" wat die oplossing vir ons verhoudingsprobleme in ekstreme vorme van "skeiding" en "afsonderlikheid" probeer vind het. In die sewentigerjare het die ~~verhaalbaarheid~~^{onwaarvoerbaarheid} van die Verwoerdaanse konsepte duidelik geblyk en is 'n lang reeks pragmatiese aanpassings gemaak sonder dat ~~die~~ Mr. Vorster-regering die noodsaaklike veranderings ~~ook~~ op die konseptuele vlak (d.w.s. in terme van die beleidsparadigma) aangebring het. Die Botha-regering het in die afgelope twee jaar hierdie leemte reeds in 'n belangrike mate gevul.

Ek is daarvan oortuig dat die beleidskonsep (paradigma) vir die tagtigerjare georienteer sal wees op die "gemeenskaplikheid" die "deelgenootskap" en die "interafhanklikheid" van die bevolkingsgroepe in Suid-Afrika.



om die onrealistiese ontvlugtingsdenke - wat steeds die oplossing in ondeurvoerbare vorme aan geografiese skeiding en afsonderlikheid probeer soek - finaal te oorwin.

hou
Ek grond my oortuiging ~~ontrent~~ die nuwe beleidsorientasie op veral drie beleidsformulering wat in die loop van 1980 baie duidelik na vore getree het.

1. Met die instelling en ^{die} samestelling van die Presidentsraad ~~is~~ dit bo alle twyfel ~~gestel~~ dat die blankes, Kleurlinge en Indiers hulle politieke en ekonomiese toekoms binne een staatkundige bestel ~~sal~~ moet uitwerk. Die liggende waarbinne gesamentlike besluitneming oor hierdie drie groepe se gemeenskaplike toekoms geneem sal word, sal hopelik binne die volgende jaar of drie tot stand kom.

2. Die klem wat die Eerste Minister in sy toespraak voor die Transvaalse Kongres op die eenheid van die Suid-Afrikaanse ekonomie gelê het, het hopelik die onrealistiese idee dat 'n mens agt of nege ~~afsonderlike~~ "afsonderlike" ekonomiese in Suid-Afrika kan ontwikkel, finaal die nek ingeslaan. Die noue interafhanklikheid wat tussen die ekonomiese belang van die bevolkingsgroepe ~~van nie alleen~~ ^{en state in Suid-Afrika} ~~Suid-Afrika~~ bestaan, maar ook tussen die ekonomiese belang van die ~~state in Suid-Afrika bestaan~~, sal voortaan op 'n meer realistiese en rasionele wyse uitgebou kan word tot die wedersydse voordeel van al die betrokke groepe en state. Die nuwe desentralisasie beleid, die te stigte Ontwikkelingsbank vir Suider-Afrika en die reeds gestigte Klein ^{State} Korporasie is belangrike stappe in hierdie rigting.

(Wat die Kleinsake Korporasie betref moet die ~~samar~~ ^{vennootskaps} tussen die openbare en private sektor baie verwelkom word. Dit wil egter voor- kom asof die voorwaardes van die ooreenkoms die deelnemers van die ^{in mens wondervol dat in} private sektor onnodig bevoordeel en beskerm. Is dit in ooreenstemming met die gees van die Carlton beraad ¹).

3. Die duideliker inhoud wat in die loop van die jaar aan die idee van 'n Konfederasie van Suid-Afrikaanse State verleen is, hou groot beloftes ⁱⁿ vir die toekoms. Dit bied die moontlikheid dat nie alleen die Swart state nie, maar ook die swartbevolkingsgroepe buite die ^{Nasionale} state ^{groep} (deurmiddel van hulle eie verteenwoordigerende liggende) binne die raamwerk van 'n oorkoepelende kern-

kun werk
federale liggaam deel ~~sal kan hê~~ in besluitneming oor sake wat van gemeenskaplike belang vir al die inwoners van Suid-Afrika ~~is~~. Voorbeeld van sodanige sake is verdediging, buitelandse sake, burgerskap en ander juridiese aangeleenthede. Twee sake wat beslis ook ~~baie~~ hoog op die agenda van so 'n te stigte konfederale liggaam sal moet verskyn, is aangeleenthede in verband met sosio-ekonomiese ontwikkeling en die *finansiering* *funktionsering* daarvan.

ook
Die konfederale konsep hou ~~inderdaad~~ die moontlikheid in om ~~nie~~ *er* alleen die negatiewe beeld, ~~maar ook~~ sommige van die negatiewe aspekte van die beleid van afsonderlike ontwikkeling te vervang met 'n beleidsinhoud wat nie alleen positief en realisties sal wees ~~nie~~, maar 'n bestel in Suid-Afrika ~~kan~~ skep wat die groots moontlike mate van stabiliteit en regverdigheid sal verwesenlik wat haalbaar is binne die paramenters van ~~waas~~ moeilike situasie. ~~Dit is goed~~ moontlike dat ~~die idee van~~ *blyk te* konfederasie van Suid-Afrika state ~~kan~~ nie alleen die sleutelidee in die jare tagtig gaan wees nie, maar kan ~~reeds~~ dat dit voor die einde van die dekade ~~reeds~~ konkrete gestalte ~~kan~~ kry.

oor
'n Konfederasie van Suid-Afrikaanse state ~~wat~~ 'n redelik regverdig en stabiele bestel ~~en~~ en 'n gemeenskaplike toekoms vir al Suid-Afrika se mense ~~bied,~~ *hou* ~~sal~~ die moontlikheid in dat Suid-Afrika weer 'n gerespekteerde en gerekende plek in die gallery van beskaafde lande sal kan inneem. Vir almal wat die handhawing van beskaafde standarde swaar op die hart dra, sal so 'n herstel van Suid-Afrika se internasionale posisie voorwaar 'n grootse dag wees.

Een van die ongelukkigste
aspekte van die politiek
van 1980 is die ~~oorgrip~~
wyses waarop die
Progressiewe Party die
politiek grondklaar
het deur hulle
weerens van op die
Presidentiëraad
te dien. Nadat
Dr. van Zyl Smit
toegeloat het dat
die "Gang of Four"
hom as die PFP vir
te voluntiese is

radikale politiek
afkoop het, het
die PFP ongeloof
om relevant te
wees in die oë
van hulle wat
Camp evolusioneer
wef 'n ~~stabslede~~
stabslede en rep-
verdigter bestel
in SA wyl skof.

~~Hierdie jaar het~~

In die loop van jaar
het dit so alle type
geblif dat ~~in~~ soetans

evolutiervé en
konstitusionele
oplossing van SA
se probleme voldag
afberenklik is
van gebeur in Stomme
n die Nasionale
Party. Alhoewel
in die polossoasse
oor geselde en geleenheid
n die party aan
die Slaai is, is
~~die~~ o vlaei die
gelyk ter wille
van 'n verligte

beleid om in
stabiele en res-
verdigte fund
Afrika te skep
so ~~skep~~ — en
op die manier
tein gunste daarvan
so ~~skep~~ — dat
die vloei van
hande gely
en word vir me
opkies sou woor-
nie. Indien werklike
en goedkale
prentege of
van enige en van oers
wel daarsou sou

staap on die ~~verlepte~~
politieke missie waar
die verlepte vleuel van Nasionale Party
te besoek gevind,
sal die opvalle
van Sud - en Suid-
Afrika aan popoek
wees.